SUID-AFRIKAANSE MEDIESE TYDSKRIF

SOUTH AFRICAN MEDICAL JOURNAL

Kaapstad, 18 Mei 1974 | Deel 48 No. 24 Volume 48 | Cape Town, 18 May 1974

*VAN DIE REDAKSIE* | *EDITORIAL*

# Dink en Luister

In enige vriendskaplike byeenkoms kan mens die drie groepe onderskei wat intellektueel mank deur die lewe voortstrompel. Daar is diegene wat nòg dink nòg luister, diegene wat luister maar nie dink nie, en diegene wat dink maar nooit luister nie. Die eersgenoemde groep, wat nie een van die twee doen nie, is die dommes, en ons hoef nie meer ruimte aan hulle af te staan nie. Hulle sit òf eenkant in 'n hoekie, besig met hul eie gedagtes, sulks as dit dan is, òf hulle poog om met leë gebare of woorde hul stompsinnigheid te verberg—gewoonlik sonder enige sukses. Eienaardig genoeg, as pasiënte is hulle aangenaam, omdat hulle oor die algemeen hanteerbaar en ook dankbaar is.

Sommige mense luister skynbaar aandagtig, maar hulle verstand is nie tegelykertyd aktief nie, en daarom kan hulle geen van die verkrygde inligting verwerk nie. Hulle beskou dit as voldoende om ontvanklik te wees, sonder om enige bydrae te lewer, hetsy passief deur wat hulle hoor (of lees) te deursif, of aktief deur iets aan die gesprek toe te voeg of iets neer te skryf. Dit is hierdie mense wat geen baat sal vind by 'n lesing van anderhalfuur deur selfs 'n Julian Huxley of 'n Einstein nie. Hulle sal wel al die feite gehoor het, en dit ten dele ook onthou, maar omdat die materiaal onverwerk bly, lê dit steriel sonder enige bruikbare fermentasie in die gees. Hulle sien die banieropskrifte in 'n koerant: 'Pompidou is dood', en vra eers twee dae later: 'Wie is Pompidou?'

As pasiënte loop hulle gevaar om deur 'n kortgebonde dokter te lyf gegaan te word. Dit is hierdie luisteraars wat die hele siekteverduideliking van die dokter aandagtig deursit en dan tuis sê: 'Ek weet nie wat makeer nie. Die dokter het nie gesê nie.' As mens hulle dan vaspen, ontdek jy dat al die aangebode feite wel geassimileer is, maar hulle is nie op enige sinvolle wyse geïnterpreteer nie. Dié mense het maar net geluister maar nie gedink nie. Hulle moet nie verwar word met A. G. Visser se sinagogegangers wat elkeen sy eie ding sit en dink nie. Hierdie mense luister met toegewyde aandag — en afgeskakelde intellek.

Die derde groep is die verveliges. Hulle maak uitsprake en stel hul stellings. Hulle *weet*. En nie slegs weet hulle nie, hulle is maar te bereid om die wysheid te deel. Hulle praat aanmekaar en hou vir geen oomblik op om te luister nie. Die kortste vraag of geringste aanmerking is voldoende om die stortvloed te laat losbreek, en as hulle eers aan die gang is, is daar niks wat hulle kan stuit nie. Hulle is nie onintelligent nie, inteendeel, hul deurdagte stellings is dikwels briljant en spreek van diepe insig, maar hulle is nie ontvanklik vir nuwe gesigspunte of denkrigtings nie, bloot omdat hulle nie luister (of lees) nie.

Sulke pasiënte maak mens gek. Hulle praat aanmekaar, selfs gedurende die ondersoek sodat ook die borskas met die gehoorpyp klink na 'n zoemende byenes. En hulle het die diagnose en die behandeling vooraf uitgedink. Die dokter moet nie kom peuter om hierdie vooropgestelde gedagtes omver te werp nie. Hy moet net stilbly en luister, want dit is waarvoor hy betaal word.

Hier en daar is daar 'n persoon wat luister, die inligting verwerk, 'n bydrae lewer en dan weer terugsit om verdere kennis te bekom. Hulle is skaars, maar op hul skouers rus die wêreld se intellektuele vooruitgang.

# Discriminatory Advertising

The Medical Association of South Africa has repeatedly reiterated its firm policy over the years that there shall be no discrimination on grounds of race, colour, creed or sex as far as its activities are concerned. This standpoint has also been published in the *Journal* at regular intervals. In addition members of the Association have from time to time been delegated by the Federal Council to seek interviews with various cabinet ministers in order to achieve implementation of the policy of our Association. Such interviews, round table conferences, and many other attempts at implementation have, during all this time, not met with any marked success. We have made some progress, but we have had to admit to our members that it has not been spectacular.

We have been patient and careful not to create situations where direct, unbending confrontation would have led, not to progress, but rather to entrenchment of the resistant attitudes of the authorities. Hitherto we have accepted advertisements for professional posts in the *Journal* although such advertisements have carried discriminatory clauses or stipulations. In spite of the fact that the publication of such material has been at variance with the policy of the Association, it has been felt that the authorities should be afforded the opportunity to rectify the conditions of the posts before we finally decide that we must regretfully refuse these advertisements. But now we must take the inevitable further step.

The Federal Council of the Medical Association, during its meeting from 8 to 11 May 1974 in Pretoria, passed a unanimous resolution that the *South African Medical Journal* shall henceforth no longer accept advertisements that contain any discriminatory clauses. This decision of Council shall be implemented by the editorial staff of the *Journal* with immediate effect.

It can be argued on purely ethical grounds that although the actual text of the advertisement will no longer contain such discriminatory stipulations, it is common cause that many of the posts advertised nevertheless still operate on a discriminatory basis, and that the Association is therefore merely acting a pious lie. This is not so in actual practice, for the editor and his staff cannot be expected to know which posts will not be on a completely non-discriminatory basis if the text of the advertisement does not state any such differentiation. It would be a sad day if a particular hospital, in accordance with its internal policy, decides to do away with all discrimination on basis of race or colour, and an advertisement for a medical post is turned down at the *Journal* merely because the editorial staff has not been apprised of this fortunate state of affairs. The converse also holds true. It may happen that the *Journal* staff is under the impression that a particular post conforms to the policy of the Association, whereas this is not in fact true. We must therefore limit the implementation of the decision of Council to scrutiny of the text of advertisements, and must henceforth insist that all such material submitted for publication be free of any discriminatory clauses on the basis of race or colour.